Woensdag **9 Oktober**

**Skrifgedeelte: Jesaja 56:3-8**

**Fokusgedeelte: Jesaja 56:6-7 (AFR53)**

**Die verbondsgemeenskap – vir almal!**

Vir die Jode het die Sabbat ’n besondere waarde. Aanvanklik was dit bloot net ’n rusdag wat ’n gesonde ritme tussen werk en rus gebring het. Na die uittog uit Egipte het dit ’n ekstra betekenis gekry omdat die volk moes terugdink aan die vryheid wat God aan hulle gegee het van hulle slawerny in Egipte (Deut. 5). Soos ons in Eksodus 31:16 lees, is die onderhouding van die Sabbat ook ’n teken van die verbond.

Tydens die ballingskap het die Sabbat ’n ryker betekenis gekry omdat die Israeliete nie meer ’n tempel gehad het waarheen hulle kon gaan om gewyde byeenkomste te hou nie. Die ballinge het in hierdie tyd steeds saamgekom en daardeur die verbondsgemeenskap onderhou. Deur die Sabbat te onderhou, was dus simbolies van die nakoming van die hele wet van God en het ’n identiteitsmerker van ’n ware Israeliet geword.

Jesaja dra nou ’n hoopvolle belofte oor aan die nie-Israeliete en die ontmandes. Beide hierdie groepe is by die tempelaanbidding uitgesluit en daarom ook by die verbond en verbondsgemeenskap. Hierdie belofte is aan elkeen wat die Here se knegte wil wees en sy Sabbat onderhou: Hulle sal met vreugde ontvang word in die tempel van die Here omdat dit ’n huis van gebed vir die volke is.

Om die Here se knegte te wees en Hom as verbondsgemeenskap te dien, is nie iets wat net vir Israel beskore is nie. Almal wat die Here soek, het nou die geleentheid om hom te ontmoet in die samekomste van sy verbondsvolk. Vandag is elke gelowige deel van hierdie verbondsvolk deur ons geloof in Jesus Christus. Daarom herdenk ons as gelowiges steeds die Sabbat (wel op ’n Sondag) as rus- en aanbiddingsdag waar ons met ander gelowiges bymekaarkom om Jesus Christus se opstanding te herdenk.

*Sing: Psalm 84-1:1, 6*

*Ds. P (Philip) Hattingh (Bloemhof/Christiana)*